

## Sing vooraf: Psalm 122:1

*Ek was verheug toe die geluid  
weerklink het bo die ruimtes uit:  
Kom, laat ons optrek hiervandaan,  
om na die HEER se huis te gaan!  
O heil'ge stad, gelukkige oord,  
ons voete staan nou in jou port!  
Jerusalem, waar al die stamme  
op Gods bevel hul feesdag hou,  
Jerusalem is goed gebou  
en glinster in die son se vlamme.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 18:14.

*Gods weg is gans volmaak soos Hy,  
sy woord van al wat smet is, vry,  
soos goud, gelouter sewe maal.  
Hy is 'n skild van keurmetaal  
vir almal wat op Hom vertrou.  
Want wie's daar buiten U, o HEER!  
U is die Rots, geen ander meer,  
op wie ons altyd weer kan bou.*

## Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet van God antwoord ons met: Psalm 19:4.

Wet

## Psalm 19:4

*Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet,  
en sal die hart bekeer;  
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is,  
die ware wysheid leer.  
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly  
en onreg nooit gedoë;  
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig  
wat afstraal op die oë.*

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 33:10, 11.

<i>Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte en red hul siele van die dood. Hy sorg vir hul by somerdroogte,</i>	<i>In God, dié God wat ons beveilig, voel nou ons hart opnuut verblyd;</i>
--	--

*in sware tyd en hongersnood.  
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte  
op die HEER vertrou.  
Hy, ons skild, Hy wyk nie, / en ons hulp beswyk  
nie  
waar ons hart op bou.*

*en op sy Naam, ontsaglik heilig,  
vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader,  
hoor ons as ons nader  
met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade,  
skenk ons u genade  
as ons op U wag!*

Skriflesing: Jeremia 35

Teks: Jeremia 35:16

**Ja, die kinders van Jónadab, die seun van Regab, het die gebod van hulle vader gehou wat hy hulle beveel het; maar hierdie volk luister nie na My nie. (Jeremia 35:16 AFR1953)**

Wat is die belangrikste in my lewe:

- Een van my grootupas se opdragte aan ons familie, of God se bevel aan ons?
- Volkstradisie of aanbidding van die lewende God?

Die profeet Jeremia doen 'n simboliese handeling.

- Hy gaan haal 'n groep nomades in die stad en bring hulle in 'n groot sy-saal in die tempel bymekaar.
- Die werklike kerkvolk staan buitekant die tempel en wag om te hoor wat die profeet met hierdie mense gedoen het en wat die uitslag daarvan is.

Die handeling gaan oor drie belangrike elemente, naamlik

- 1. Die Regabiete - wie en wat hulle is,**
- 2. Die opdrag wat hulle gehoorsaam**
- 3. Die plek wat die Here aan hulle gee.**

### **1. Wie is die Regabiete?**

Ons weet baie min van hulle, want die Bybel vertel nie veel van hulle nie, maar dit wat ons weet is baie belangrik. Ons lees in 1 Kronieke 2:55 dat hulle behoort tot die Keniete, wat afstammeling is van Moses se skoonvader, Jetro.

Hulle het nie Israelitiese bloed in hulle nie.

- Hulle is eintlik heidene wat saam met Israel getrek het na Kanaän toe, en hulle ook daar gevestig het.
- Ons lees van vers 6 - 11 dat hulle nomades was wat met hulle vee rondgeswerf het agter weiding aan.
- Hulle het 'n voorvader gehad met die naam Jonadab.
  - Ons ken die ou voorvader Jonadab uit die vroeëre geskiedenis.
  - Hy was 'n tydgenoot van Jehu.

Ons lees daarvan in 2 Konings 10:15. Die Bybel vertel dat Jehu vir Jonadab seun van Rekab op die pad teëgekomp het. *Nadat hy hom gegroet het, vra hy vir hom: "Kan ek op jou reken soos jy op my?" Jonadab het geantwoord: "Ja." "As dit ja is," het Jehu gesê, "gee my jou hand." Hulle het mekaar die hand gegee en Jehu het hom by hom op die wa laat klim. Die twee het saam te velde getrek teen die Baäls en hulle bidplekke uitgeroei.*

Hierdie Jonadab was blykbaar 'n indrukwekkende soort mens, want hy het sy nasate beveel om geen huise te bou of saad te saai of wingerd te plant of dit besit nie.

- Hulle moes dus van alle vorme van landbou afstand doen.
- Hy het hulle beveel om nomades te wees wat hulle hele lewe lank in tente moes woon.
- In 'n sekere sin het hy hulle van die vastheid van die tempel van die Here af weggestuur in die vlaktes in na die onsekere lewe van 'n tenthuis toe.

Hy het geglo dat daar 'n bepaalde seën aan so 'n lewenswyse gekoppel is: *sodat julle baie dae mag lewe in die land waar julle as vreemdelinge vertoef*

**...Julle mag ook nie huise bou of graan saai of wingerde aanlê nie. Julle mag dit nie doen nie, want julle moet altyd in tente woon sodat julle lank kan bly woon in die land waar julle vreemdelinge is.'** (Jeremia 35:7)

*Die nageslag het ook teenoor Jonadab onderneem dat hulle geen wyn sal drink tot in ewigheid nie.* Let veral daarop dat hulle hulleself as vreemdelinge gesien het, want dit is juis een van die sleutels om hierdie stuk te verstaan.

Die Here het Jeremia aangesê om hierdie groep mense te gaan roep en in 'n sypaal in die tempel te laat bymekaarkom.

- Hier in die tempel het Jeremia kanne vol wyn voor hulle neergesit. Daar was drinkbekers ook.
- het hulle toe beveel om die wyn te drink.

## 2. Die opdrag wat hulle gehoorsaam

Die Bybel vertel hoe hierdie klomp nasate aan hierdie menslike verordening van hulle ou voorvader getrou was tot in die uiterste toe, want toe Jeremia hulle wou dwing om wyn te drink, het hulle geweier. Hulle het hom geantwoord:

**Ons drink nie wyn nie, want ons voorvader Jonadab seun van Rekab het ons beveel: `Julle mag nooit wyn drink nie, nie julle nie en ook nie julle kinders nie** (Jeremia 35:6).

Jeremia het nie probeer om hulle te verlei om te drink nie.

- Sy optrede was glad nie bedoel om hulle in die versoeking te lei nie, want hy het van die begin af geweet dat hy hierdie groep mense net nie so ver sou kon kry dat hulle aan die drink raak nie.
- Hy het geweet dat hulle sal vasstaan by die tradisie wat hulle opgebou het van die ou voorvader Jonadab af.

Hulle het hierdie stuk familietradisie letterlik tot op die uiterste toe uitgevoer, want hulle het Jeremia daarop gewys:

**En ons het geluister na die stem van ons vader Jónadab, die seun van Regab, in alles wat hy ons beveel het, om geen wyn te drink al ons dae nie, ons, ons vroue, ons seuns en ons dogters;** (Jeremia 35:8 AFR1953)

*Ons was gehoorsaam aan alles wat ons voorvader Jonadab seun van Rekab ons beveel het. Ons het nooit wyn gedrink nie, nie ons nie, nie ons vrouens nie, ook nie ons seuns en dogters nie (35:8).*

U moet onthou dat hierdie nie 'n geheime ontmoeting was nie.

- Jeremia het hierdie klomp mense oop en bloot voor almal gaan haal en tempel toe geneem.
- Ons kan aanvaar dat daar baie mense was wat uit nuuskierigheid agternageloop het om te sien wat Jeremia met hierdie groepie gaan maak.

**Ten minste van hulle het gesien hoe Jeremia wyn en drinkbekers voor hierdie mense neersit en hulle uitgenooi het om wyn te drink. Hulle het ook gesien hoe beslis hierdie klomp geweier het en hoe hulle hulle beroep het op hulle tradisie.**

Die Here sê toe vir Jeremia dat hy hierdie gebeurtenis moet gebruik om dit toe te pas op die Israëliete.

- *Die Israëliete vaar baie swakker in hulle omgang met die lewende Here as wat die Regabiete gevaar het met 'n wens van iemand wat al lankal dood was.*

Dit is dan ook presies die verwyte wat Jeremia voor die Israëliete se deur lê:

**Jonadab seun van Rekab het sy kinders beveel om nie wyn te drink nie, en tot nou toe drink hulle dit nie, want hulle hou hulle aan sy woorde, hulle is gehoorsaam aan die bevel van hulle voorvader. Ek (die Here) het vroeg en laat met julle gepraat, maar julle luister nie na My nie (Jeremia 35:14).**

Dit is 'n geweldige verwyte as die Here die dag vir jou sê dat jy jou tradisies onderhou, maar nie in staat is om 'n lewende geloofsomgang met God te onderhou nie!

Dit is ook nie so dat die Here net een keer met die volk gepraat het, soos wat Jonadab met sy kinders gedoen het nie.

- Die Here het aanhoudend met hulle gepraat - Hy het vir eeue lank met hulle gepraat.
- Hy het vir hulle leiers voorsien, en Hy het profete na hulle toe gestuur.
- Hy het selfs vir hulle sy wet en sy profesie op skrif laat stel.

Die Here verwyte hulle dat Hy baie met hulle gepraat het, maar hulle wou nie hoor nie, en dat Hy hulle geroep het, maar hulle het nie geantwoord nie.

- Die Here het hulle aanhoudend vermaan om tot bekering te kom.
- Hy het hulle belowe dat Hy hulle in die land wat Hy hulle gegee het sal laat woon.

*Al het die Here so baie moeite met hulle gedoen, het hulle veragter in hulle aanbidding totdat hulle nou op die punt gekom het waar die Here al die strawwe wat Hy al vir baie jare oor hulle aangekondig het, in werking gaan stel.*

Kom ons stel dit in ander woorde: die Here verwerp hulle (ten minste gedeeltelik) as gevolg van hulle sondes.

- Daarom trek Hy sy belofte terug dat hulle in die land wat Hy vir hulle gegee het, sal bly woon.
- Hulle gaan nou in Ballingskap weggevoer word.

### **3. Die plek wat die Here aan hulle gee.**

Om die soute diep in die wonde in te vryf, kondig die Here terselfdertyd 'n seën aan vir die Regabiete:

- Omdat hulle getrou was aan so min as 'n familietradisie, sal die Here hulle seën deur hulle in te sluit in die korps van gelowiges:
- **Daarom, sê die Here die Almagtige, die God van Israel, sal daar altyd iemand wees uit die familie van Jonadab seun van Rekab om My te dien (Jeremia 35:19).**

Kyk na die simboliek in die hele situasie soos wat dit op daardie oomblik was:

- Die Regabiete hou vas aan tradisies van 'n dooie voorvader, terwyl die Israëliete die bevel en omgang met die lewende God verwerp.

- Die nomades wat gewoonlik ver van die tempel af swerf, staan saam met die profeet Jeremia in die tempel, terwyl die volk wat rondom die tempel woon, buitekant staan.
- Die Here gee aan die Regabiete 'n heilsbelofte, terwyl Hy straf aankondig oor die uitverkore Israëliete.

Kom ons pas hierdie gedeelte in sy betekenis toe op ons. Die Bybel waarsku met hierdie insident dat ons soms rotsvas klou aan menslike instellings.

- So vas dat niks ons daarvan kan afkry nie.
- Maar as dit gaan oor dinge wat die Here op ons lê - en nogal dinge met ewigheidswaarde - dan verwater ons dit baie vinnig, of raak ons selfs daarvan ontslae.

Die Here wil ons skaam maak met hierdie stukkie geskiedenis.

- Ons moenie met taaier volharding aan menslike instellings vashou as wat ons vashou aan die instellings van die Here nie.
- Ons moet altyd onthou dat ons tot eer van God geskape is, en dat ons volle verantwoordelikheid en gehoorsaamheid aan Hom verskuldig is.
- As ons nie hierdie beginsel regkry nie, kan die ironie van hierdie gebeurtenis ons ook tref.

Kom ons tot bekering, verander ons toestand ook soos die van die Regabiete: *Jerusalen die "ewige stad" sou vergaan, terwyl die tentbewoners 'n ewige tuiste by God kry.*

Dit is ook die betekenis van die versoening deur die Here Jesus Christus se soendood vir ons.

- Ons word vir God gewy deur sy bloed.
- Dit beteken dat ons uit die sonde uit teruggeneem word na die teenwoordigheid en die ewige lewe by God - soos wat die Regabiete uit die woestyn uitgehaal en in die tempel ingebring is.

Die hele lewe, maar veral die kruisdood van die Here Jesus stuur 'n baie helder boodskap na ons toe uit, naamlik dat ons ons nie asketies uit die wêreld moet onttrek nie.

- Ons moet nie soos Jonadab ons nasate die vlakte instuur om hulle te beskerm nie.
- Ons moet hulle na die huis van die Here toe stuur: ons moet net getrou bly aan God en dit wat Hy van ons gemaak het deur die bloed van Jesus Christus.

Daardeur word die belofte van *'n lang lewe* verdiep tot *'n ander lewe*.

- Nie meer 'n lewe as vreemdeling van die die Here en verward tussen tradisies en geloof nie.
- Nou 'n lewe as huisgenoot en kind van God wat in ons geloofslewe sterk staan soos wat die Regabiete vasgestaan het in die tradisies van hulle voorgeslagte.

**Amen.**

Slotgebed.

Slotpsalm 84:6.

*'n Son en skild is onse HEER;  
Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontrou nie:  
Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg,  
die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou,  
aan U geheel hom toevertrou.*

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr. M.J. du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 12 Augustus 2007 (oggend)